# Zastron se

# Geskiedkundige Geboue

# Historic Buildings in Zastron

**Deur/By**

**Alex van Rensburg**






*Eerste Uitgawe/First Edition*

*2014*

*Saamgestel en gedruk deur*

*Alex Film Productions*

*Zastron, R.S.A.*

*Besoekers en inwoners behoort nie hier verby te gaan sonder om te sien wat oorgebly het van die oorspronklike dorp en geboue nie. Ons kan slegs hoop dat die altyd indringende stootskraper nie die oorblywende ou geboue in Zastron, sonder enige oorblyfsel, sal uitwis nie, dat inwoners alles moontlik sal doen om hulle na hulle oorspronklike status te restoureer.*

*Soos almal weet, word die huidige deur die verlede verryk, wat dit bewaar en daaraan 'n betekenis heg.*

*Is ons dan nie 'n TOEKOMS aan die VERLEDE verskuldig nie…?*




*Visitors and inhabitants should not pass on from here without noticing what has survived of the original town and buildings. We can only hope that the ever invading bulldozer will not eliminate, without trace the remaining old buildings in Zastron, that inhabitants will do everything possible to restore them to their original state.*

*As we know the present is enhanced by the past, preserving it and giving it a meaning. Surely we must then owe a FUTURE to the PAST…?*

# *Zastron se Geskiedkundige Geboue*

***Hulle rol in die handhawing van die Kultuur van die Gemeenskap***

# *Zastron's Historic Buildings*

***Their role in maintaining the Culture of the Community***

***Deur/By***

***Alex van Rensburg***

***Eerste Uitgawe/First Edition***

***2014***

***Gedruk deur/Printed by:***

***Alex Film Production***

***Zastron, Free State***

***RSA***

## *Voorwoord*

### *Zastron Se Ou Geboue En Hulle Plek In Die Ontwikkeling Van Die Dorp*

*My doel met hierdie werk is om, deur middel van fotos en vertellings deur ouer inwoners, die geskiedenis van die dorp se ou (en ook nie altyd sò oud) geboue, in boekvorm vas te lê. Ou geboue word vandag summier platgeslaan om plek te maak vir, somtyds, onooglike nuwes. Sò verdwyn dan ook 'n hele gemeenskap se geskiedenis saam met hulle.*

*Tè veel van Zastron se ou geboue het alreeds verdwyn sonder dat enige fotos van hulle nagelaat is. Waar 'n ou foto van die geboue beskikbaar was het ek dit geplaas en ook een van die perseel soos dit vandag lyk. Waarvoor ek innig dankbaar is, is die lugfoto van die ou Rowan Koshuis en regtervleuel van die Hoërskool Zastron, net voordat hulle gesloop is. Die foto van die oudste huis in Zastron het ek ook toevallig geneem tydens 'n kapok neerslag in die dorp.*

*Hierdie werk is so volledig moontlik, maar daar is nog baie ander geboue, veral woonhuise, waar geen geskiedenis opgespoor kon word nie. Ek het ook gepoog om van albei tale, sover moontlik, gebruik te maak, maar dit was nie altyd moontlik, weens 'n gebrek aan spasie.*

*As 'n mens net gaan sit en dink – wie het hierdie geboue almal gehuisves? Wie was die bouers? – die lief en leed wat in hulle afgespeel het – as hulle maar net kon praat.*

*Ek hoop en vertrou dat hierdie werk as inspirasie sal dien vir ander om daarop voort te bou en sodoende die geskiedenis van ons dorp te bewaar. Onthou – die verlede is belangrik, dit mag nie verdwyn nie – want, is ONS dan nie 'n TOEKOMS aan die VERLEDE verskuldig nie?*

********************

## *PREFACE*

### *Zastron's Old Buildings And Their Place In The Development Of The Town*

*My purpose with this work is to preserve, by way of photos and stories by elderly inhabitants, the history of Zastron's old (and not so old), buildings. Old buildings are, today, summarily demolished to make way for, sometimes, unsightly new ones. In this way a whole community's history disappears with them.*

*Too many of Zastron's old buildings have already disappeared without any photos of them being taken. Wherever an old photo of a building was available, I have endeavoured to place it as well as one of how it looks today. What I am infinitely thankful for is the aerial photo of the old Rowan Hostel and right wing of the High School Zastron just before these were demolished. The photo of Zastron's oldest house I managed to take during a snowfall in Zastron*

*I have tried to make this work as complete as possible, but there are still many buildings, particularly private dwellings, of which nothing is known. I have also endeavoured to make use of both languages. This was, however not always possible due to lack of space.*

*If one just goes to sit and think – who lived in these buildings? – Who are the builders? – the tears and laughter that flowed in them – if they could only speak.*

*I trust that this work will serve as an inspiration to others to build on it and preserve the history of our town. Remember, the past is important, it may not disappear – is it not a fact that we owe a FUTURE to PAST?*

*Die Skrywer/The Writer*

# Zastron Historic Buildings

## 1. The Townhall



*Front of the Postcard where the Foundation is being laid. The Builder is at the left front.*




*Back of the photo at left indicating the date when it was taken – 23rd April 1912*



*Building nearing completion. Final touches are being added to the tower.*

*Again we see the builder at the right foreground, as also in the first picture, very, very smartly dressed!*



*Town Hall at end of Hoofd Street*



*The Town Hall with the Tower*



*The Town Hall in 2012, 100 years later*

## ***Zastron's Historic Town Hall***

***Already winter's icy fingers have made themselves felt, in a few cases of frost has shown its fare – surroundings of valleys, hills and mountains, one mountain, especially, with an eye that never winks***

***On one of the hills white=washed stones neatly form the name "Zastron". East of the shop D and DH Fraser a stack of dressed sandstones lie in readiness to form the foundations of a building destined to still be in used a century later. The date 23rd April 1912 – The Pace Zastron – The Building, the Town Hall.***

***After a few setbacks with the architect, a certain Schultz of Bloemfontein, building flourished. Unfortunately the name of builder is unknown, but the Building itself must have been completed in 1913. A photo taken in 1914 of the NG Church Tower being built shows the completed Town Hall.***

***At a later stage, the town hall facade was modernised and the tower was removed.***

***Today, qoo years after it was built, the Town Hall houses the Mohokare Municipal Offices – a building rich in memories and history.***

********************

## ***Zastron se Historiese Stadsaal***

***Dit was die begin van die winter van 1912. In die jong dorpie, Zastron, geleë in die Suid Oostelike hoek van die Vrystaat, heers groot opgewondenheid – die dorpie gassn sy eie "stadshuis" kry. Bouplanne is alreeds goedgekeur en fondamente gegrawe. Hierdie goeie nuus, oorgedra op 'n ou poskaart gedaterr 23 April 1912, word deur sekere B. Linde and J.G. Steyn op Stellenbosch, gestuur. Vor op die poskaart verskyn 'n aantal sandsteen klippe gereed om gelê te word. Van der Linde skryf onder andere "De Plaat voorop stel voor het begin van ons Townhall". Dit was die begin van 'n gebou wat vandag. 'n eeu later, nog steeds sy plek in die gemeenskap van Zastron volstaan.***

***Aanvanklik was daar problem met die bouery. Verskeie telegramme moes deur die stadsraad aan die argitek, ene Schults van Bloemfontein, om inspeksies te kom uitvoer, gestuur word. Daarna het die bouery vlot voortgegaan en die gebou is voltooi. Op 'n latere stadium is die Stadsaal gemoderniseer en die toring is verwyder.***

***Nou, 100 jaar later, vind daar groot jolyt in die Stadsaal plaas – die 100 jarige bestaan van die gebou word vandag herdenk.***

***Die Mohokare Munisipaliteit (Zastron, Rouxville en Smithfield), onder leiding van die Burgemeester, Me M.A. Shasha en Munisipale Bestuurer, Mnr C.T. Panyani, het 'n puik onthaal vir die hoogwaardigheids bekleërs en gaste daar gestel. Voornalige Burgemeesters en oud Raadlede wat die dorp op een of ander tyd gedien het, was onder die eregaste.***

***Nadat Pastoor l. Thene met gebed geopen het en 'n raadslid die verrigtinginge geopen het, het Mnr. C.T. Panyani die doel van die dag uitgespel.***

***Daarna het 'n vorige raadslid, Mnr A. van Rensburg, in 'n kort toespraak die geskiedenis van die Stadsaal oorgedra. 'n Vorige Burgemeester, Mnr Bill Shaer, het in sy toespraak daarop gewys dat die belange van die dorp altyd eerste gestel moet word.***

***Na die oorhandiging van blyke van waardering het Me. Shasha 'n plaque teen die muur, wat die 100 jarige bestaan van die stadsaal aandui, onthul.***

# 2. Die Spoorweg Stasie/The Railway Station




*Amptelike Opening Van Die Spoorlyn in 1916*

Die Spoorweg Stasie Gebou in 1916

The Railway Station Building in 1916

*Official Opening of the Railway Line in 1916*

1916

Just before the Train arrived

1916

Net voor die aankoms van die Trein






Die Stasie Hoofgebou in 2011 net voor dit gesloop is.

The Main Station building in 2011, just before being demolished

## *Extract from the Executive meetings of the Zastron Chamber of Commerce held at the house of the President on the evening of*

## ***Thursday, 15th June 1916***

***Re: Official Railway Opening***

***Information having been had that the official opening of the Railway was to take place on 30th June 1916, a discussion arose as to what part this Chamber was to take in the connection therewith.***

1. ***Mr Shriver proposed – seconded by Mr Altman, that all the stores close on this day. This was carried.***

2. ***The President suggested that an address be presented to the Hon. N.J. De Wet KC, who was expected to perform the opening ceremony and that the President and secretary draw up the address. This was resolved upon. The points to be specially dealt with in the address were prospects of district and the required extension to Wepener for the purpose of reaching Northern Markets.***

***President,***
***Dr Voortman***



Meeting of the Executive of the Chamber of Commerce Zastron held at the house of the President on the evening of Thursday 15th June 1916.

The Minutes of the previous meeting were read and confirmed. Present: the President, Messrs Altman, Shriver, Lelwold & Secretary.

Re Railway Cartage Contract. After some discussion Mr Altman proposed that the Secretary write to the Divisional Superintendent East London requesting that the Railway authorities call for tenders for the local cartage contract. Mr Shriver seconded & the proposition carried.

Re official Railway opening:
Information having been had that the official opening of the Railway was to take place on 30th June 1916 a discussion arose as to what part this Chamber was to take in connection therewith.

1. Mr Shriver proposed - seconded by Mr Altman that all the stores close on this day. This was carried.
2. The President suggested that this Chamber present an address to the Hon N. J. de Wet K.C. who was expected to come & perform the opening ceremony & that the President and Secretary draw the address. This was resolved upon.

The points to be specially dealt with in the address were the Prospects of district & the required extension to Wepener and for the purpose of reaching Northern markets.

The President reported that his endeavours up to the present to get all stores to close daily from 1 to 2 pm have not yet been successful as one Storekeeper Mr May was unwilling to fall in with this suggestion.

Mr Lelwold proposed - seconded by Mr Altman that the Secretary write to the Surveyor at Bloemfontein for an extra hand in the local Post office.

Then terminated the business of the evening with a vote of thanks to the Chair.

President

Secretary



The Actual Extract

The full page from the minute book of the Zastron Chamber of Commerce, Thursday, 15th June 1916




Zastron se Spoorweg Personeel in 1963

# ***Die Spoorweg Stasie***

## ***… En hierlangs het 'n Trein geloop***

***Die skril gefluit van die aankomende stoomtrein klied deur die oggend lug. Statig, soos 'n grasieuese ou dame, nader sy Zastron se stasie geboue – hou eers 'n rukkie by die groot watertenk stil – die dors is groot – moes geles word. Met 'n harde slag van stoom wat afblaas, beweeg die trein nader tot die passasiers waens langs die perron tot stilstand kom. Die kondukteur se fluitjioe blaas – passasiers klim af om bene te rek. Tee en koffie met 'n versnapering daarby word by die kafeetjie geniet. Vrugte, veral perskes, word ook gekoop. Die klein sink geboutjie met afslaankap, wat dien as toonbank, word al sedert 1943 deur Tant Pollie Botha as stasiekafee bedryf.***

***Op die perron woel en wqerskaf personeel en passasiers dat dit gons. Passasiers na die suide word deur families en vriende afgesien, eindelik waarsku die fluitjie van die kondukteur dat almal hulle sitplekke moet inneem. Hy hys sy groen vlag en met 'n ruk vertrek die trein.***

***Namate die trein uit Zastron beweeg is die passasiers se oë op die pragtige natuur tonele rondom hulle gevestig. Die berge, die bome – in die verte die Malutis – asemrowend.***

***Sowat 15km vanaf Zastron, gaan die trein tussen die laaste twee koppe deur op pad na Rouxville. Omring deur plat vlaktes wend die passasiers hulle noun a hul kospakkies, veral tant Pollie se heerlike geel perskes. Pitte word by die vensters uitgegooi waar baie ontkiem en groei. Daar kan vandag nog die heerlikste geel perskes van hierdie bome gepluk word.***

***Aangesien Zastron vanaf sy stigting as dorp in 1882 baie ver van die groot markte geleë was moes boere hulle produkte met ossewaens na die market vervoer. Dit was tydrowend en het dit moeilik vir die mense gemaak.***

***In 1916 is die spoorlyn tussen Aliwal Noord en Zastron voltooi. Dit is met vreugde, feestelik geopen, soos die foto ook aandui. In 1924 is die verbinding met Wepener voltooi. Dit is dus logies dat die stasiegeboue in 1914-15 gebou is. Zastron was nou met die res van Suid-Afrika verbind en die dorp het met rasse skrede vooruit gegaan.***

***Selfs die Koninklike voetspore het hulle merk op die perron gelaat. In 1947 het wyle Koning George die VI en Koningin Elizabeth, met hulle twee dogters, Elizabeth (tans Koningin Elizabeth II van Engeland) en Margaret Rose, tydens hulle besoek aan Suid-Afrika, Zastron aangedoen. Die Koninklike trein was bestem om 3nm op Zastron aan te kom, maar het eers 7nm daar aangeland. Die groot aantal besoekers het al van 2nm die stasigronde volgepak en Tant Pollie se kafee het flink sake gedoen. Omdat dit so laat was, was daar weinig hoop dat die mense die Koninlike familie sou sien, maar die Koning het afgeklim, tussen die mense deurgestap en sommige van hulle met die hand gegroet.***

***Dit is jare later. Vanoggend is dit doodstil op Zastron Stasie. Geen gefluit – geen geblaas en stamp van treine – geen gebabbel van uitgelate passasiers nie. Geboue staan leeg – toegemaak – die spoorlyn is met gras toegegroei. Die treindienste is finaal in 2006 gestaak.***

***Die stasie gebou wat sy stryd teen die tyd goed weerstaan het, was nog in 'n baie goeie bruikbare toestand. Nadat vandal dele van die gebou agebreek en weggedra het, het die owerhede besluit om die hele kompleks te sloop. Sodoende het nog 'n juweel in die niet verdwyn.***

## ***The Railway Station***

### ***…And here a train passed by…***

***The shrill whistle of an approaching Steam Train pierces the early morning air. Gracefully, like a stately old lady, the train approaches the Station Buildings, first stopping for a few minutes at the large water tank, where her thirst must be quenched. With the resounding hiss of steam escaping, the train moves slowly forward, coming to a stop when the passenger coaches reach the main platform. The whistle of the conductor announces that the passengers may disembark in order to stretch their legs and have something to eat at the small station cafe. Her fruit, especially peaches, can also be bought. The small zinc building, with lowerable counter, had been run by "Tant" Botha, as a station café since 1943.***

***On the main platform station personnel and passengers hustle actively about their various tasks, friends and relatives see off passengers to the south. Eventually the conductor's whistle warns passengers to take their seats. He raises his green flag and with a jerk the train departs.***

***As the train leaves the station, passengers eyes are glued to the enfolding beauty around them – mountains, trees and in the distance, the snow-capped Malutis.***

***About 15km from the town the train passes between the last two hills on its way to Rouxville. With only flat countryside around them and nothing more to see, the passengers reach for their food packages, especially "Tant" Pollie's delicious yellow peaches. Pips are thrown from the window where many took root and eventually start growing. Today these trees, next to the railway line still yield a fine crop of yellow peaches.***

***Since receiving town status in 1882, Zastron was situated far from the country's produce markets and farmers had to transport their produce by ox wagon to these centres – a very great inconvenience.***

***Ion 1916 the railway line between Aliwal North and Zastron was completed. The festive opening was joyfully celebrated as can be seen on the photo. In 1924 the connection with Wepener was established. It can therefore logically be accepted that the station buildings were built in 1914-15. Zastron was now connected to the rest of South Africa and the town flourished.***

***Even Royalty has left their footprints on the platform of this station. In 1947 King George VI with his wife Queen Elizabeth and their two daughters, Elizabeth (the present Queen Elizabeth II of England) and Margaret Rose, while visiting South Africa, paid a visit to Zastron. The Royal Train, scheduled to arrive at 3pm, only arrived at 7pm. From 2pm a large number of people had already packed the station grounds. "Tant" Pollie's café was doing a roaring trade. At this late hour, hope to see any of the Royal Family dwindled. However, King George stepped off the train, moved among the people and shook hands with some of them.***

***It is many years later – dead quiet on this busy station. No whistles, no hissing of steam or bumping of trains, no raucous chatter of passengers. Buildings are empty, grass and bushes, even trees, growing over the railway line. The train service was finally abandoned in 2006.***

***The station buildings, having stood the test of time was till in a good, usable condition. After vandals had started to carry away parts of the building, the authorities decided to demolish the whole complex – another jewel which has disappeared forever.***




Die eerste prentjie wat passasiers vanaf Bloemfontein van Zastron stasie gesien het.

The first glimpse passengers from Bloemfontein



Die stasie van bo-op die Silos.

The station from the top of the Silos.



Die stasie in 1975

The station in 1975



Die ou karbied lamp wat deur die kondukteurs op die stasie gebruik is

The old carbide lamp used by conductors on the station



'n Stoom enjin op Zastron stasie

A steam engine at Zastron station



Die kondukteur se karbied lamp

The conductor's carbide lamp



'n Passasierstrein by die hoof platform

A passenger train at the main platform



Die goedere loods

The goods shed



'n Passasiers trein verlaat Zastron stasie

A passenger train leaves Zastron station



Perske bome langs die spoorlyn na Rouxville

Peach trees next to the railway line to Rouxville



Die huidige terrein waar 'n juweel verdwyn het

As it looks today – where a jewel has disappeared

# 3. Die Boerewinkel/Eerste Winkel – First Shop



Die Boerewinkel in 1900



Die perseel in 2013, bekend as GETCET

The premises in 2013 now known as GETCET

Dit is 'n bekende feit dat die Boerewinkel in 1900 as die eerste winkel in Zastron, sake gedoen het
Die eienaar, Mnr Manie Moeije, het diew winkel bestuur end it was geleë in Mathey Straat waar die huidige GETCET is

It is a known fact that "Die Boerewinkel", as the first shop in Zastron was known, was already doing business in 1900
The owner, Mr Manie Moeije, also managed the business, it was situated in Nathey Street on the premises where the present GETCET is found

## 4. Vrystaat Boustyl/Free State Architecture



31 George Street, Zastron



*Gegolfde Veranda,*

*Staandak in die middle en Plat dak agter, kenmerkend van die ou Vrystaatse Bouystyl*

*Wavelike Verandah,*

*Standing Roof in the middle and Flat Roof at the back. Typical of the Old Free State Architecture.*

## ***Geskiedkundige Vrystaatse Boustyl in Zastron***

***Soos 'n juweel- rustig, sluimerend in die middagson, staan dit uit teenoor die modern woonhuise daaromheen. Met sy unieke boustyl is hierdie huis by Georges Straat Nr 31 een van Zastron se besienswaardighede wat behoue gebly het. Die gegolfde veranda, staandak in die middle en platdak agter, is kenmerkend van die ou Vrystaatse boustyl.***

***In die transportakte, deur ouderdom vergeel, staan dit geskryf dat die eiendom in 1883 geregistreer is op die naam van 'n sekere William Mollard. Dit kan dus aanvaar word dat hierdie huis een van die oudstes in Zastron is. Alhoewel dit nie bevestig is, kan dit aanvaar word dat dit omstreeks hierdie tyd gebou is. Zastrin het in 1882 eers volle dorp status gekry. Die huis is in 1956 op die naam van Mev Baby van der Merwe geregistreer. Sy was die grootmoeder van wyle Mev Suzaane Comfort, die huidige eienaar. Na Van der Merwe se dood het Comfort die huis oorgeneem.***

***Verandering is oor die jare aangebring. 'n Deel is aangebou – outydse vensters is met nuwes vervang. Oregon plankvloere moes weens verwering verwyder word – sement is in hulle plek gegooi. Ten spite hiervan is die oorspronklike aansig, in die ou Vrystaatse boustyl, behou.***

***********************

## ***Historic Free State Building Style in Zastron***

***Like a jewel the historic old house, at No 31 George Street, stands out amongst its modern counterparts. In 1882 Zastron was declared a town and in 1883 the house was registeres in the name of a certain William Mollard. With its wavelike verandah, standing roof in the middle and flat roof at the back, it is a typical example of the old Free State building style – the only remaining one of its kind left in the town. It can thus be accepted that it is one of the oldest houses in Zastron and an attraction for tourists.***

***In 1956 the house was acquired by Mrs Baby van der Merwe, grandmother of Mrs Suzanne Comfort, the late owner. In spite of changes, due to deterioration that had been brought about, the original appearance has been maintained. After Van der Merwe's death, Comforted inherited the house and lived there until the time of her death.***

***Situated at the corner of a large plot of ground, this historic old house is a jewel which will hopefully be preserved for future generations to appreciate.***

# 5. Tant Hessie se "Hall"/Tant Hessie's Hall



*Tant Hessie se "Skating Hall", soos dit al die jare en vandag nog lyk*

*Tant Hessie's "Skating Hall" as it appeared through all the years, till today*



*Die Geskiedkundige tafeltjie voor en na restourasie*

*The Historic little table before and after restoration*





*Die ysterraam waarop die strykyster gestaan het. Ouma Hessie het 'n soortgelyke voorbeeld as hamer gebruik*

*Example of the iron stand which Tant Hessie used as a hammer*

# ***Ouma Hessie se "Hall" en 'n wonderwerk word geskep***

***Sy was lank en skraal – in haar vroeë sestiger jare. Die hare effens grys, gedraai in 'n bolla agter op die kop, die donker oë wat jou stip deur die outydse bril aankyk – lang swart rok tot op haar enkels. Die hol wange en grys hare getuig van tye wat nie so maklik was nie.***

***As weduwee, moes sy self deur die depressie jare van 1933 die mas opkom. Almal het haar geken as tant Hessie Both, oftewel Ouma Hessie, soos ek haar genoem het.***

***Sy het 'n losieshuis gehad. Dit was 'n lang small gebou met 'n gang wat vanaf die ingang tot in die kombuis gestrek het. Die kamers was aan weerskante van die gang. Langs die losieshuis was 'n groot saal wat ook aan haar behoort het. Die saal wat vandag nog staan was alombekend as Tant Hessie se "Hall".***

***Op 'n latere stadium is die losieshuis deur die eienaars van die Commercial Hotel aangekoop. Die Noordelike muur van die losieshuis is uitgebreek en aan die huidge Maluti Hotel vasgebou. Tekens van die uitbrekeings en aanbouings kan nog duidelik gesien word.***

***Sy het later die "Hall" as 'n rolskaatsbaan ('n opregte Engelse "skating rink") omskep – 'n skaatsbaan wat groot pret aan Zastron inwoners verskaf het. Ou inwoners vertel laggend dat mense dikwels aan mekaar gevra het: "Gaan 'skate' jy ook vanmiddag in Tant Hessie se 'Hall'?"***

***'n Plaaslike werker is deur die munisipaliteit gebruik om gebeurtenisse I die dorp te adverteer. Twee groot borde wat hy om sy nek gedra het, het dan die nodige aan die publiek vertoon. Hy het ook 'n klok gelui terwyl hy deur die strate beweeg het. Die skaatsery moes ook geadverteer word en op 'n mooi dag het die volgende op borde verskyn: GROOT "SKATERY" SATERDAG IN TANT HESSIE SE "HALL". AS JY SELF KAN "SKATE" KOS DIT 5 pennies (4sent) – AS JY HULP NODIG HET KOS DIT 10 pennies (8sent). Daardie Saterdag was haar saal volgepak.***

***Ouma Hessie se losieshuis is deur baie plaaslike mense gebruik om oor te slap. So ook het ek, as klein seuntjie, verskeie kere saam met my ouers en ouma by die losieshuis oornag.***

***Ouma Hessie het 'n tafeltjie gehad waarop ek verlief geraak het. Na soveel gesoebat het my ouma toe die tafeltjie vir my gekoop vir een sjieling (10sent)! Hierdie tafeltjie is egter nie net 'n gewone een nie. Die wonder daarvan is dat Ouma Hessie dit self in 1933 gemaak het. Haar gereedskap? 'n Ou yster waarop strykysters gestaan het, was haar hamer. 'n Klein stukkie afgebreekte saaglem, omtrent 12cm lankl, en 'n knipmes, het haar uitrusting voltooi. Nou na 80 jaar gaan die gerestoureerde tafeltjie 'n ereplek in my Taverna Venezia inneem en besoekers is welkom om dit te kom besigtig.***

***Soos in so baie soortgelyke gevalle is daar ongelukkig geen fotos van Ouma Hessie beskikbaar nie.***

# 6. Die De Winnaar Huis/The De Winnaar House



Die De Winnaar Huis op die hoek van Mathee en Higgs, kort voordat dit gesloop is

The De Winnaar House on the corner of Mathee and Higgs Streets, shortly before it was demolished

NG Kerk

DR Church

Spruit

Jan Hendrik De Winnaar



Aasvoëlberg




Oorspronklike kaart van Verliesfontein waarop Zastron aangelê is

Map showing Verliesfontein on which Zastron is situated

In hierdie area is die oudste huis in Zastron gebou

In this area the oldest house in Zastron was built





Roland Stanford wys hier hoe groot die populierbome, wat deur die De Winnaars geplant, geword het

Her Roland Stanford illustrates the size of the poplars planted by the De Winnaars



# Verlore erfenis

## De Winnaar se huis

„WIL julle 'n storie hoor? Nou goed . . . Ek was 'n gebore jagter . . . ." So het die legendariese bobaas-storieverteller van Aasvoëlberg, Renier de Winnaar, een na die ander verhaaltjies met sout en peper vertel.

As dit nie Agus, die aangenome bobbejaan was wat so 'n vernuftige touleier was nie, dan was dit Ditsem en Jitsem, die twee honde duisend wat sy vrou ingespan het om die wa berg - op te versit terwyl hy wat Renier is, die osse gaan soek het.

### Taai vel

Dit kon ook wees: Die ratel wat by sy heuningneste gelol het . . . . „ek gaan Sterloop haal, en toe die skoot klap, begin ek aanstap . . . by die plek gekom, sien ek die koeël stof opskop soos hy sukkel om deur die ratel se taai vel te boor. Ek gooi toe maar 'n klompie ekstra kruit op hom, en hy doen sy werk."

En hoe sou Aasvoëlberg tog die gat deur die krans gekry het daar tussen die twee groot granietpilare aan die son-op-kant? „Dit was al die tyd hy, die duiwel, wat die moddervet bosbokram in die kloof verwilder het, net toe die korrel op sy blad was. Ek sè toe niks . . . . maar ek dink so by myself: „Satanskind, vandag is jou laaste dag op aarde".

### Onnosel

„Net drie lang treë, toe staan ek en die duiwel bors teen bors. Ek haak af om hom sommer met die kaal vuis vir goed in sy peetjie te moker, maar die duiwel is nie so onnosel soos hy miskien met sy horinkies en pylstert en bokkloutjies lyk nie. Hy het die hou vergeet sien kom en koes betyds eenkant toe.

„Pleks van die duiwel, tref ek die yslike regop krans agter hom, en ek slaan my vuis skoon dwarsdeur die klip dat toe ek my hand terugtrek, die gat daar sit wat 'n mens vandag nog soos 'n oog teen Aasvoëlberg kan sien."

### Gevestig

Nadat Jan en Renier se ouers uit Stellenbosch sê wêreld noordwaarts getrek het, het hulle hul in 1836 aan die voet van Aasvoëlberg gevestig. Daar het hulle vier huise gebou: die eerste op die plaas Vierfontein (1848-1850), die tweede by die ingang van die kloof, die derde op Reniershof (1850) en een onderkant Reniershof.

Renier is aan die voet van Aasvoëlberg begrawe. Die inskripsie op die grafsteen (gerestoureer) is P. R. de Winnaar, gebore 15 Sept. 1781, oorlede 10 Des. 1883. Hy was dus 102 jaar.

Jan de Winnaar se plaas, Verliesfontein is later Zastron genoem, na die eggenote van pres. J. H. Brand, Johanna Sibella Zastron. Ná 1875 is dit in erwe opgemeet. Op 16 Mei 1882 is erkenning verleen aan die dorp Zastron en is dit tot munisipaliteit geproklameer met J. M. de Wet as eerste resident-vrederegter.

### Gepleister

Die oudste huis op Zastron is van rou en gebrande bakstene gebou en met klei gepleister. Die platdakhuisie met 'n goeie plankplafon het bestaan uit 'n eetkamer, twee slaapkamers, 'n spens en kombuis. Later is nog vertrekke aangebou asook 'n grondstoepie sonder 'n veranda.

Die kombuis en spens het grondvloere gehad; die ander kamers se vloere was van plank.

Die hoofingang (nou toegebou), het 'n mooi houtdeur gehad. Die vensters se houtskuiframe was eers hoog en is later laer aangebring, onthou die 88-jarige oom Org Henning. Hy het self 'n paar jaar in die huis gewoon.

### Populiere

Om dié reghoekige ou huisie het die De Winnaars groot tuine aangelê en moerbei-, lemoen-, kersie-, populier- en bloekombome aangeplant. Sommige van die ou stamme is nog by die swembad te sien en in die kloof is daar rysige populiere.

Van die lang klipmure wat verblyfplekke omhein het, is nog by Oude Werf en Reniershof te sien. Volgens die burgemeester, mnr. K. Saayman, is in die spruit naby die swembad nog net los klippe, oorblyfsels van 'n eertydse watermeul, te sien.

*Berig wat in Die Volksblad van ongeveer 1980 verskyn het. Hier word dit alreeds duidelik uitgespel dat 'n kultuur tradisie vir altyd verdwyn het*

*An article that appeared in "Die Volksblad" of about 1980 which clearly illustrates the fact that a cultural tradition has already disappeared*

## *Die Oudste Huis op Zastron*

### *Die De Winnaar Huis*

***Geleë op die gedeelte van die restant van "Oude Werf" was hierdie huisie sekerlik die oudste in Zastron. Die erf lê op die hoek van Mathee en Higgs strate en die huisie was aan die noorde kant net regs van die ingang na die kloof en Eeufeespark.***

***Die huisie is gebou en het behoort aan Jan Hendrik de Winnaar en aangesien hy die eerste inwoner van die dorpie Zastron was, moes dit ook die eerste huis gewees het.***

***Gebou van ongebrande stene, die mure met klei gepleister, het hierdie eenvoudige rietdak huisie drie kamers, 'n spens en kombuis bevat.***

***Gedurende die Anglo Boere Oorlog (ABO) is die huis afgebrand, maar die mure het bly staan. Nadat dit herstel is, is die rietdak met 'n plat sinkdak vervang. Oorspronklik het die voordeur aan die Oostekant gesit, maar is later toegebou en daar is 'n nuwe aan die Suidekant aangebring. Die verandering was egter minderwaardig – die voorkoms, behalwe vir die nuwe sinkdak, is behou.***

***Om hierdie ou huisie het die De Winnaars groot vrugteboorde aangelê – lemoen, kersie, perske en moerbei bome was aan die orde van die dag. Tans word die kloof nog versier met reuse populier en bloekom bome wat deur die De Winnaars aangeplant is. Los klippe en ander oorblyfsels dui ook die plek in die spruit waar Jan Hendrik se eerste "Overslagt" watermeule gestaan het, aan.***

***Die De Winnaar familie het hulle in 1836 aan die voet van Aasvoëlberg kom vestig. Aangesien die eerste sendelinge slegs 'n paar jaar voor die eerste blankes ook teen hierdie tyd ingetrek het, was die broers Jan Hendrik en Renier de Winnaar van die heel eerste inwoners van die streek wat ook bekend was as die Transgariep.***

***Benewens die huis op die plaas Verliesfontein (waar Zastron later tot stand gekom het), het Jan de Winnaar nog 3 ander huise gebou. Die eerste was by die ingang van die kloof – dit moes dus die eerste huis in die dorp gewees het. Die tweede was op Reniershof in 1850 en die derde daarnaas. Nadat erwe alreeds in1875 uitgemeet is, het Zastron in 1882 dorpstatus verkry.***

***Bekend vir sy verbeeldingryke verhale is Renier in 1883 oorlede. Hy is saam met sy broer, hulle gades en sy skoonseun, William Law, 'n Skot van Aberdeen in Skotland begrawe. Hierdie was Zastron se eerste begraafplaas.***

***Vandag het net die populier en bloekombome oorgebly – stille getuies van die dramas wat hulle hier afgespeel het. Die histories ou huisie is, ten spyte van vertoë daarteen, op aandrang van 'n vorige stadsklerk gesloop – net die winterwind wat deur die populiere huil weet te vertel van 'n juweel wat vir altyd vernietig is.***

***(Verwysings: Boukunsskatte van die Vrystaat deur Karel Schoeman en vertellings deur Kestell Saayman)***

## 7. Die Johanna Biblioteek/The Johanna Library




*Na Restourasie/After Restoration*



*Johanna Christina Swanepoel*

*Voor Restourasie toe die gebou deur Zastron Sakekamer oorgeneem is*

*Before restoration when the building was taken over by the Zastron "Sakekamer"*



# ***Die Johanna Biblioteek – 'n Monument op Zastron***

***Dit is die winter van 1933 – in die buiteland heers die grootste depressie in mense heugenis – kruiwaens vol geldnote kon skaars 'n dosie vuurhoutjies koop.***

***Suid-Afrika het ook nie vrygespring nie. Werkloosheid was aan die orde van die dag – diegene wat nie werk gehad het nie, het 'n paar uur voor hulle moes begin al opdaag – te bang dat hulle hul werk sou verloor. Mense met universiteitsgrade het stasie peronne gevee, met pik en graaf op paaie en strate gewerk.***

***Met die boere gemeenskap het dit nog slegter gegaan, 'n Droogte, seker die ergste in die geskiedenis, het die ekonomie nog verder lamgelê – geharde boere moes met traan gevulde oë die jammerlike geblêr van honger skape, die gebrul van beeste wat nie hul dors kon les, aanhoor. Groot stofwolke het huise omhul, kerse is in die dag opgesteek om te kan sien, boere moes in hierdie tyd die trekpad met hul diere aandurf om te prober red wat hulle kon. In meeste gevalle was dit egter tevergeefs – maer en honger diere het langs die trekpad bly lê. Mense het totaal uitgeboer. Dit was die begin van die groot trek na die Rand se goudmyne – per trein vir diegene wat nog 'n paar pond oorgehad het – ander per fiets, selfs te voet. 'n Land van armes het ontstaan.***

***Dit was in hierdie moeilike tyd dat 'n sekere Mev Johanna Christina Klopper (gebore Snyman), voorheen getroud met wyle Petrus Johannes Swanepoel, van Zastron, besluit het om die gebou aan die publiek van die dorp te skenk. Die voorwaarde was dat dit as biblioteek gebruik moes word – 'n geskenk vir die opbou van die kultuur van Zastron en sy mense. Die naam "Johanna Biblioteek" is aan die gebou met sy unieke bouvorm gegee.***

***In 1977 is die groot, moderne biblioteek egter in gebruik geneem. Wat moes nou van die ou gebou word? Die destydse stadsraad het op 'n raadsvergadering besluit dat dit gelos moet word om te deterioreer wanneer dit dan as 'n onooglike gebou gesloop kon word. Die voorsitter van die Afrikaanse Sakekamer, wie ook 'n raadslid was, het gevra dat die gebou aan die Sakekamer geskenk moes word. Dit is toegestaan en die gebou is van sloping gered.***

***Vandag word die Johanna Biblioteek onder toesig van die Toerisme Vereniging as 'n museum ingerig en sal binnekort vir toeriste oopgestel word. Een van Zastron se historiese geboue is vir die nageslag bewaar.***

********************

# ***The Johanna Library – a Monument in Zastron***

***1933 – One of the most tragic times in the history of the world. A depression, with inflation running so high, that wheelbarrows full of money could not buy a box of matches. South Africa did not escape and was also suffering from the worst drought ever to hit the country. Farmers helplessly looked on as staring animals died around them.***

***It was, in these difficult times that a certain Mrs Johanna Christina Klopper (born Snyman), formerly married to Petrus Johannes Swanepoel , decided to donate this small building to the people of Zastron to be used as a library. A cultural gift which at the time was worth a fortune.***

***In 1977, after the new Library was opened, the Town Council decided to demolish the building but through the intervention of the Chairman of the local "Sakekamer", this jewel was saved for coming generation to view. Hopefully, attempts by TAKZA (Zastron Tourism in Action), to preserve it as a museum, will succeed.***

# 8. Die Mimosa Losie – The Mimosa Lodge



Die Vrymesselaars wapen bo die ingang na die gebou



The Masonic Badge above the entrance of the building

*Nadat die gebou in 1923 opgerig is, het Mnre Harry Altman, bestuurder van Fraser se winkel, Faan van Rooyen, 'n boer en Izak Potgieter, prokureur, die Mimosa Vrymesselaars losie gestig.*

*Fotos van vorige meesters, groepe en lyste van lede weerspieël Zastron se geskiedenis in die fynste detail. Oor die jare heen was dit 'n baie sterk losie, maar nadat die aantal lede geweldig afgeneem het, is daar besluit om die gebou te verkoop.*

*Die gebou is deur die Sentrale Vrymesselaars liggaam verkoop en word tans as 'n privaat woonhuis benut.*

---

*After the building was completed in 1923, Messrs Harry Altman, manager of Frasers, Faan van Rooyen, a farmer and Izak Potgieter, an attorney, founded Mimosa Masonic Lodge.*

*Photos of previous Masters, groups and lists of members give the history of Zastron in the finest detail. The Lodge flourished with a large number of members, but this declined to such an extent that the Central Body decided to sell the building*

*At present it is being utilised as a private dwelling*

---

*Hoek van/Corner of: Meyer & Boom Street*

## Founder Members/Stigterslede



Harry Altman



Faan van Rooyen



Izak Potgieter



# 9. Zastron se Ou Tronk/Zastron's Old Gaol



*Mnr Piet Lingane voor een van die massiewe seldeure*



*Zastron se ou tronk geleë aan die noordelike ingang van die dorp*

*Zastron's old gaol situated at the northern entrance to the town*

*Mr Piet Lingane in front of one of the massive cell doors*

*Naby vooraansig*

*Close-up front view*











*Nou in die agterplaas van 'n privaatwoning*

*Now in the backyard of a private residence*

*Vooraansig/Front View*

*Die Tronk Deur*

*The Gaol Door*

# ***Ou Tronk beklee Historiese Plek in Zastron***

## ***Niks van sy karakter verloor***

***Ou sandsteen trappe – deur die jare hol geslyt – lei na die groot sombere gebou. Die buitewêreld word deur massiewe houtdeure uitgesluit – die deur wat soos diep versonke oë oor die vlaktes na die Maluti berge staar. Dik ondeurdringbare klip mure sonder 'n enkele venster – slegs die opening onder die dak waar lug inkom, dit is Zastron se ou tronk.***

***Binne die selle is dit donker en dit moes 'n grusame ondervinding wees het om hier toegesluit te word.***

***Geleë in die agterplaas van 'n privaat woning, op die Wepener uitgangspad, word dit vandag as stoor en pakkamer gebruik.***

***Die ou tronk is in 1904 gebou en kon 40 gevangenes in 5 selle aanhou. Aangesien die selle redelik klein is, is dit moeilik om te dink hoe 8 prisoniers in een sel kon slaap – miskien was die tronk nooit regtig vol nie.***

***Gedurende die vyftiger jare is 'n groot nuwe gevangenis op die Mohales Hoek pad gebou en die ou perseel is verkoop. Baie prisoniers is ook na Goedemoed gevangenis geskuif.***

***Na 104 jaar het hierdie ou gebou niks van sy karakter verloor nie. As jy op volmaan nag in Parkweg afstap – vertoef 'n rukkie en luister. Vanaf die rigting van die ou tronk kom die dowwe geluide van 'n swaar deur wat toeklap, die geratel van grendels en slotte – en dan baie duidelik, 'n weemoedige sug. Kan dit die wind wees?***

***********************

# ***Old Gaol – important part of Zastron History***

## ***Retains its original character***

***Ancient sand stone steps, hollowed out by years of use, lead to this sombre door that stare, like deeply sunken eyes, over the hills and valleys, towards the Maluti mountains. Thick inpenetrable stone walls with no windows – only the openings under the roof where air was allowed to enter. This is Zastron's old gaol.***

***Inside, the cells dark and it must have been a gruesome experiemce to have been locked up there. Situated at the entrance of the road from Wepener it now acts as a storeroom in the backyard of a private residence.***

***Built in 1904 it could accommodate 40 prisoners in 5 cells. Considering the size of the cells, it is difficult to imagine how 8 prisoners could sleep in one cell. Perhaps the gaol was never really full.***

***During the 1950's a large new prison was built on the Mohales Hoek road and the old premises sold. A large number of prisoners were also moved to Goedemoed.***

***After 104 years this old building has shed none of its original character. If you ever walk down Park Road on a night when the moon is full, stop for a moment – and listen. From the direction of the old gaol comes the sound of a heavy door closing, the rattling of locks and bolts – and then, very clearly, the sound of a mournful sigh. Could it be the wind?***

# 10. Die Kragstasie/The Power Station




*Die Kragstasie in 1929*

*The Power Station in 1929*

*Die NG Kerk was die eerste gebou wat van elektriese krag voorsien is. Dit was verskaf deur 'n opwekker wat in die ou Dodehuis geboutjie gehuisves was.*

*In 1929 word die Kragstasie met sy twee massiewe opwekkers, gebou. Dit was voldoende om die hele dorp van krag te voorsien*

*Tot 1967, toe EVKOM karag aan die dorp voorsien is, het die twee ou opwekkers hulle goed van hulle taak gekwyt. Hulle kan vandag nog in die Kragstasie besigtig word*

*The NG Church was the first building with electricity which was provided by a generator, housed in the small building which later became the mortuary.*

*In 1929 the Power Station, with its two massive generators, was built.*

*This was sufficient to supply the whole town with electricity.*

*Until 1967, when ESKOM power was installed, the old generators did an efficient job. They can still be seen in the Power Station building*





*Die Kragstasie in 2013*

*The Power Station in 2013*

# 11. Fraser se Winkel/Frasers Shop




1904 D & D H Fraser

Lord Ian Fraser of Lonsdale



Native Postal Agency

2013 U-Save







Harry Altman








Die naam nog duidelik voor op die winke

The name still stands out boldlv on the front

Skoolkinders stap vanaf die NG Kerk na die begraafplaas tydens die begrafnis van Willie Viljoen, skoolhoof van Zastron Hoërskool, op 14 Junie 1936. Frasers se Winkel is op die regterkant van foto,

School children on their way from the NG Church to the cemetery at the funeral of Wille Viljoen, Principal of the High School, Zastron, on 14th June 1936. Frasers Shop is on the right





Lord Fraser se besoek aan Zastron, Bo: K. Saayman, Lord Fraser en Dr de Wet

Dr De Wet bedank teenwoordiges. Links is Lord Fraser



D. & D. H. Fraser,
BPKT.
ZASTRON, O.V.S.
WOL EN GRAAN KOPERS
DIREKT INVOERDERS
Goedkoopste en Beste Winkel in Zastron
Dames Kleederen, enz., een specialiteit.
Bij D. & D. H. Fraser is alles te krijgen.
KOM GAUW EN KOM ZEKER!

'n Advertensie 1918

A 1918 Advert

## ***Frasers se Winkelgebou***

*Die groot kettingwinkel reeks van D & D H Fraser met sy hoofkantoor in Wepener en 'n verskeidenheid takke in Basoetoland (tans Lesotho), besluit in 1903 om ook op Zastron 'n tak te open.*

*In 1904 is die nuwe gebou in gebruik geneem. Dit het ook as 'n "Native Postal Agency" bekend gestaan en moes toe as 'n pos aflewring sentrum gedien het.*

*Deur die jare het die winkel floreer – enigiets van roltabak tot die nuutste modes in klerasie was verkrygbaar. Van die bestuurders wat op Zastron aangestel is was onder andere, Harry Altman, Kallie van Niekerk en Gert Pienaar.*

*In 1956 word Lord Ian Fraser, wat in 1934 tot ridder geslaan is, hoof bestuurder van Frasers. Lord Fraser, wat in 1916 tydens die eerste wêreld oorlog, deur 'n vyandelike koeël, permanent blind gelaat is, was ook 'n Britse parlementslid.*

*In 1969, toe Zastron as Nywerheidsgebied verklaar is, nooi Dr Francois de Wet, stadsraadslid, vir Lord Fraser uit om die moontlikhede op die dorp te kom ondersoek. Lord Fraser onderneem om 'n nuwe gebou in die nywerheidsgebied op te rig. Dit het egter nooit gebeur nie, want die hele nywerheids projek het in duie gestort. Later, na mededinging met goedkoop Sjinese winkels in Lesotho is Fraser, op aandrang van Lord Fraser verkoop.*

*Nadat die gebou op Zastron deur verskillende firmas gebruik is, word dit vandag as 'n Supermark deur U-save, 'n filial van Shoprite, bedryf. Die gebou is geleë in Majozi straat.*

********************

## ***Frasers Shop Building***

*The large chain store of shops, belonging to D & D H Fraser, with head office in Wepener and a variety of branches in Basutholand (now Lesotho) decided, in 1903, to open a branch in Zastron. In 1904 the new shop was opened and also acted as a "native Postal Agency" which proved that it acted as a mail delivery point.*

*Through the years the shop flourished, selling anything from roll tobacco to the most fashionable clothes. Among others, managers who worked in Zastron, were Harry Altman, Kallie van Niekerk and Gert Pienaar.*

*In 1956, Lord Ian Fraser, who was knighted in 1934, became general manager of the Frasers Group. Lord Fraser, who was, in 1916, completely blinded by an enemy bullet, during the First World War, was also a British Member of Parliament.*

*In 1969 when Zastron was declared an industrial area, Dr Francois de Wet, a member of the Town Council, invited Lord Fraser to investigate the new possibilities available. Lord Fraser promised to erect a new building in the industrial area, but this never materialised due to the collapse of the project.*

*Later, because of opposition by cheap Chinese stores, Lord Fraser recommended that Frasers be sold.*

*After being used by various other firms, the old building is being run by U-Save, a filial, as a Supermarket. The building is situated in Majozi Street.*

# 12. Eerste Hofsaal en Polisiestasie/First Court Room and Police Station



*Hierdie was die eerste hofsaal in Zastron en Rouxville se Landdros het alreeds in 1894 hier sake verhoor. Die Engelse regering het ook die gebou gedurende die jare 1902 – 1906 vir dieselfde doel gebruik. Sover bekend is die gebou in 1893 voltooi*

*This building, erected in 1893, was the first Court House in Zastron. Cases heard by the magistrate of Rouxville were already taking place in 1894. During the years 1902-1906 the building was used by the British Government for the same purpose*




*Hierdie geboue in Hoofdstraat moes plek maak vir die nuwe Polisiestasie*

*These old buildings in Hoofdstreet had to make way for the new Police Station*





*Die nuwe Polisiestasie in Hoofdstraat*

*The new Police Station*



*Die nuwe Landdros kantoor gebou in 1934*

*The new Magistrate's Office built in 1934*

# 13. Eerste Hofsaal en Polisiestasie/First Court Room and Police Station

NG Kerk by nag

NG Church by night



NG Church by day

NG Kerk in daglig



Biddag om reën 20 Sept 1933

Prayer meeting for Rain



Voor die toring aangebou is in 1912

Before the tower was built in 1912



Eerste leraar

First Reverend

Ds Du Plessis



Die toring van die Kerk in aanbou 1914

Buildina the tower of the Church 1914







Begrafnis van Skoolhoof W. Viljoen 14/06/1936

Funeral of Principal W. Viljoen 14/06/1936

# ***N G Kerkgeboue in Zastron***

***Dit is Sondagoggend, 8 November 1890, en dit is lente – lente in Zastron***

***Uit die nederige Kerkgebou kom die klanke van 'n gesang wat getuig van dank, nie net vir die pragtige lentereëns wat die wêreld in 'n Paradys omskep het nie, maar ook vir die nuwe Kerk wat op 2 Oktober voltooi is. Die stemme bereik 'n hoogtepunt en soos die sagte hande van Engele omvou dit die omgewing.***

***Vandag is dit die amptelike ingebruikneming van Zastron se heel eerste Kerkgebou. Hier kan Sy teenwoordigheid aangevoel word – voorwaar, Heilige Grond.***

***Vir 16 jaar het die N G Gemeente van Zastron hulle Kerkdienste hier gehou, maar dit het te klein geword en 'n nuwe Kerk, sonder toring, is op die huidige perseel aangebring. Hierdie Kerkgebou het dieselfde grondplan as Rouxville s'n gehad en het 800 sitplekke bevat. Ten spyte hiervan het hierdie gebou in 1912 ook, vir die groeiende gemeente, te klein geword. Aangesien die mure ook begin bars het is daar besluit om die gebou te sloop en 'n nuwe Kerk te bou.***

***Nadat die bouplanne deur argitek W Donaldson opgetrek is, is die hoeksteen op 7 Mei 1913 der Ds P A M De Vos gelê. Dit is egter nie duidelik waar die gemeente hulle dienste, gedurende die aanbou van die Kerk, gehou het nie.***

***In 1914 is die toring angebou en op 21 Januarie 1915 is die amptelike opening deur Professor De Vos waargeneem. Die totale koste vir die gebou het R43 000,00 beloop.***

***Nou, 'n honderd jaar nadat die hoeksteen gelê is, is hierdie ou gebou nie net 'n sieraad vir die dorp nie, maar ook 'n plek vir aanbidding.***

***********************

# ***Dutch Reformed Church Buildings in Zastron***

***Zastron's first DR Church, completed on 2nd October 1890 and inaugurated on 8th November 1890, was situated in Reichenberg Street where the present Church Hall can be found.***

***For 16 years the congregation used this Church, but becoming too small for the growing population, a new Church was built on the present site. This Church was built on the same ground plan of Rouxville, but without a tower. Eventually this Church , seating 800 people also became too small and after it was found that some of the walls had starting cracking, it was decided to build a new Church.***

***After the Architect, W Donaldson, had finalised the building plans, the corner stone was laid 0n 17th May 1913 by the Rev P A M De Vos. The tower of the new Church was added in 1914.***

***On the 21st January 1915 the new Church was officially inaugurated by Professor De Vos. Now, 100 years after the corner stone had been laid, the building is not only a treasure of the town, but also a place of worship.***

***Geleë/Situated: H/V C/O Majozi & Mathee Strate/Streets***

## 14. Die NG Pastorie/The DR Home

*Die huidige Pastorie, geleë in Hoofdstraat, waarvan die hoeksteen op 10 Desember 1965 deur Ds J G Bezuidenhout gelê is.*

*The present house, situated in Hoofd Street and of which the corner stone was laid on 10th December 1965 by Ds J B Bezuidenhout*





*Die ou Pastorie wat in 1965 plek moes maak vir die nuwe.*

*Voor die huis sit Ds P A M De Vos en familie*

## 15. Barclays Bank/First National Bank

*Barclays Bank is in 1918 in Zastron ge-open en die eerste bestuurder was Mnr Munnik*

*Barclays Bank D C & O opened its doors to the public of Zastron in 1918 with manager Munnik in control*

*H/V C/O Hoofd and Reichenberg Streets*

**1965**




**2013**



# 16. Grollman se Winkel/Grollman's Shop

Die 1930's

The 1930's



The shop with the name "Grollman" on the roof



2013

*Jy stap in Mathee straat af, draai regs in Oranjestraat, gaan die trappies op na die eerste winkel op die hoek. Op die stoep staan 'n verskeidenheid van boere benodighede. Sink baddens, emmers, swart driepoot potte, eë, ploeë, dam skroppe – selfs 'n mielieplanter.*

*Jy gaan baan jou weg deur al hierdie goed en gaan by die winkel deur in. Wie sal ooit die reuk van negosieware vergeet? Gebrande koffie, suiker, tee, vars leer, gebreide osrieme – alles gemeng met die soet reuk van pruim tabak. Almal vloei saam om jou reukorgane te streel.*

*Dit was Grollman, een van die vele Jode wat in Zastron sake gedoen het, se winkel. Dit is vervang met 'n groot Supermark - nog 'n juweel wat verdwyn het*

# 17. De Oude Werf

De Oude Werf 2013




Die uitknipsel uit 'n Volksblad van 1980

A cutting from a Volksblad of 1980




*"De Oude Werf", geleë op een van die grootste erwe in Zastron, se huis is in 1922 deur Prokureur J P Malherbe, se vrou, Mev M G Malherbe, laat bou. Volgens Mnr Koos Labuschagne, 'n latere eienaar, is die gebou presies volgens die planne van een van die vleuelsvan Groote Schuur, tuiste van die Staats President, gebou. Die erf beslaan 9ha, en vorm 'n klein kersie plaas in die hartjie van die dorp. Nog in sy oorspronklike vorm is "De Oude Werf" vandag 'n gastehuis.*

*The House on "De Oude Werf", situated on one of the three largest erven in Zastron, was built in 1922. The building of the house was authorised by Mrs M G Malherbe, wife of attorney J P Malherbe. According to Mr Koos Labuschagne, a later owner, the house is an exact replica of one of the wings of Groote Schuur, residence of the State President. Covering an area of 9ha the erf froms a small Cherry Farm in the heart of the town. Still in its original form "De Oude Werf" is, today, a guest house.*





Die plasie, genoem De Oude Werf, is die eiendom van mnr. J. E. Labuschagne van Zastron. Dit beslaan sowat 9 ha bykans in die hart van die dorp.

Die besondere opstal op die plasie is in 1922 laat bou deur mev. M. G. Malherbe, vrou van 'n eertydse prokureur op die dorp. Die huis is presies volgens die skaal van 'n flank van Groote Schuur, die Eerste Minister se ampswoning in Kaapstad.

**Kersies**

Die sowat duisend vrugtebome op De Oude Werf lewer jaarliks sowat 2 000 kissies kersies. Dié kersies word landwyd bemark. Toeriste is welkom om op die plaas kersies te koop, sê mnr. Labuschagne.

Benewens kersiebome is daar talle perske-, appelkoos en okkerneutbome op die plaas. Dié bome en die pragtige blomtuin rondom die huis maak De Oude Werf 'n gesig wat toeriste nie lig sal vergeet nie.

# 18. Het Molen Erf



As een van die drie grootste erwe in Zastron het hierdie een oor sy eie Watermeule en Bgraafplaas beskik.

Dit is oorspronklik van sink gebou.

As one of the 3 largest erven in Zastron this one had its own Watermill and Cemetary.

It was originally entirely constructed from zinc.

No 2 Higgs Street



The Old Watermill



Die Begraaf plaas

# 19. Ou Rowan Koshuis/Old Rowan Hostel



Skildery van die Ou Koshuis/A Painting of the Old Hostel

Rowan Inwoners 1952




Rowan 1946

John Z Rowan 1904-1920





Rowan 1943



*Die geskiedkundige ou koshuis, met sy unieke Kaapse Boustyl, is in die negentien twintigs in gebruik geneem en in 1976 gesloop om plek te maak vir 'n moderne gebou. Die koshuis is vernoem na Mnr John Z Rowan, Skoolhoof, 1904-1920.*

*The historic old hostel built in unique Cape Style, was opened in the nineteen twenties and demolished in 1976 to make place for a modern building. It was named after Mr John Z Rowan, 1904-1920.*



*Die Ou Rowan Koshuis en deel van die Hoërskool Zastron net voor sloping.*

*The Old Rowan Hostel and part of High School Zastron just before being demolished.*

***1976***



# 20. Central Hotel




*Die perseel van Zastron se eerste Hotel, Die Union, in Hoofdstraat met die Landdroskantoor, regs. Die eerste eienaar was Mnr Hill. Die naam is toe verander na die Central onder S Selzer.*

*The site of the first hotel in Zastron, The Union, in Hoofd Street, with the Magistrate's office, right. The first owner was a Mr Hill. It was taken over by S Selzer, who changed the name to the Central Hotel.*




*1910 (geskryf op bal) Rugbyspan. Eienaar W C Maltby.*

*1910 (written on ball) Rugby Team. Proprietor W C Maltby*








***Die Central Hotel is later verskuif na Reichenbergstraat waar dit vandag nog gebruik word as Munisipale kantore.***

***The Central was later moved to Reichenberg Street where itoday is used as Municipal Offices.***

# 21. Commercial Hotel




*J G Van Der Wath*



*Artistic Interior Doors and Windows*








Commercial Hotel,
ZASTRON, O.F.S.
Family & Commercial.
ILLUMINATED by ACETYLENE GAS.
PLUNGE & SHOWER BATHS.
SAMPLE ROOM.
JAMES M. LOWE. - - - Proprietor.

*Gebou deur James M. Louw.*
*Naam verander in 1970's na Maluti Hotel*

*Fees vieringe gedurende Uniewording 1910. Vlae van ander Britse Kolonies hang voor die Commercial. Landdros J G Van Der Wath is ongelukkig die enigste herkenbare op die foto.*

*Festivities during proclamation of the Union of SA. Commonwealth flags drape the Commercial. Unfortunately the only recognisable person is Magistrate J G Van Der Wath*

# 22. Apostel Gebou/Apostles Building



The Olympia Theatre, built in the 1930's



Die NG Kerksaal wat as Bioskoop gebrui is.
The NG Church Hall, Zastrons first Bio-scope.

Barclays Bank | Cafs/ Kafee | Biljaart Kamer Billiard Room | Drukkery Printing Works | Boekwinkel

1916—1938



2013

Nells Restaurant

Saayman & Smith Attorneys/ Prokureurs

Apostel se eersste geboue
Apostels first Buildings.
Hoofdstreet Zastron

Macklin Building/Gebou | Bookshop Drukkery | Olympia Cafe | Harry Symon's shop

Die Poskantoor
The Post Office

Apostel's new Café , the Olympia,opened 1938
Apostel se nuwe kafee, die Olympia, geopen in 1938

!938—1970



Eerste Hofsaal en Poliesie Stasie

Kakhi Roode se se Skoenwinkel

Vosmerrie se Bloekom-boom




Begrawe in 'n eensame graf in Zastron Be-graafplaas

One of the- First films shown in his new Olympia Theater/Snow White and the 7 dwarfs/. 12th Aug 1939



# 23. Zastron se Ou Meulens/Old Mills in Zastron



Zastron se eerste watermeule (links) was in die dorpspruit, net binne die ingang van Eeufeespark, regs van die ou swem-bad,geleë. Dit is in 1908 gebou en kon 20 sakke meel per dag lewer.Dit is deur Jan De Winnaar opgerig, wie ook nog twee ander gehad het. Oorblyfsels van hierdie meule kan nog in die dorpspruit gesien word. In ongeveer1911 het 'n sekere Mnr. Jan Henning nog 'n Meule opgerig. Later het Mnr Klasie Henning 'n elektriese meule opgerig. Dit is deur Mnr. Lyndon Bradfield bestuur, maar is later aan 'n Kooperasie verkkop.Dit is egter in die sewntiger jare gesluit en aan 'n paneel kloppers onderneming verkoop.Die gebou wat langs die ou kragstasie geleë is, staan vandag nog.

Oorblyfsels van Zastron se eerste watermeule in die dorpsprtuit, tussem die swembad en "Het Molen Erf"(Higgs Straat Nr.2). Remains of The first watermill in Zastron located in the spruit be-tween the swimming bath and "Het Molen Erf" (No.2. Higgs street")



Kennet Sinclaire points to the footpiece of the Mill





Zastron Meule—vandag 'n duikkloppers onderneming.
Zastron Flour Mills—Today a panel Beaters business.



Nog twee groot Watermeulens het buite Zastron meel gemaal—by Aloepoort en Machaleng. Albei is nou buite werking.Albei is op die pad na Mohales Hoek geleê.

Two more large watermills which operated in Zastron district were those at Aloepoort and Machaleng.Both are now inoperative.Both are situated on the Mohales Hoek Road.



Aloepoort Watermeule op die plaas Aloepoort, geleë langs die pad na Mohales Hoek. Bestaan nie meer.



Machaleng Watermill

# 24. Hoërskool Zastron/High School Zastron



Highschool Zastron 1936. Die Skoolsaal is nog nie aangebou nie.

Die gekombineerde Goewerment en CNO Skole.Zastron se "Blikskool" regoor die huidige Polisie stasie.



John Z.Rowan, Skoolhoof 1904-1920

Reitz Steyn, onderhoof. Skoolhoof 1920-1922

Ou Laerskool in 1907 in gebruik geneem. Vandag 'n koshuis.



High School Zastron 1943



Highschool, Zastron, snowfall 1941



Die eerste wykskool, wat later die Hoërskool Zastron geword het, is in 1870 op die plaas Verliesfontein, van Jan Hendrik De Winnaar, geopen.Die eerste skoolhoof was 'n sekere W.R.van der Merwe. Die Anglo Boere Oorlog het, egter, alle onderwys tot stilstand gebring.Dit is eers in 1902 hervat.Talle Engelse onderwysers is deur Lord Milner ingevoer omdat hy hierdeur die Boerevolk wou verengels.

Die eerste goewerments skool,onder Mnr.Dykman word in 1902 geopen.Hy word in 1904 deur John Z. Rowan opgevolg. Tersefdertyd word 'n CNO Skool, onder J.Reitz-Steyn, gestig.In 1905 smelt die twee skole saam—Zastron se "Blikskool" kom tot stand. Die groot Laerskool word in 1908 voltooi en word vandag as koshuis gebruik,terwyl die nuwe Hoërskool, geleë op die rant, wes van die dorp, in 1926 ingewy word.Die Linkervleul van hierdie gebou is saam met die ou Rowan Koshuis in 1976 gesloop om plek te maak vir nuwe moderne, geboue.



Hoërskool Zastron 2014



## 25. Huishoudskool/Housecraft School



Die skool is in 1937 deur Generaal Hertzog geopen en begin met 64 leerlinge van oor die hele Suid Afrika. Die eerste skoolhoof was Mej. H. Küssel. Die leerlingtal het egter geleidelik afgeneem totdat die skool finaal in 1974 gesluit is. Vandag word die geboue as die Samuel Johnson Skool bedryf.



1936

## 26. Reniershof



1914



2014

Built by Jan Hendrik De Winnaar on his farm Verliesfontein, after Zastron was founded, Reniershof was one of the three largest erven in the town. It was also the third built by him. Renier's House was on the right side of the main building, later becoming the stables. After changing hands on many occasions it is today a Guest House and named Vultures Lodge. The Historic old House has been changed a lot, the stables now being flats, very little of its original appearance remaining.

Gebou deur Jan Hendrik De Winnaar op sy plaas Verliesfontein, nadat Zastron gestig is, was Reniershof een van die drie gtootste erwe in die dorp. Dit was ook die derde deur hom gebou. Renier se huis was aan die regterkant van die hoofgebou en het later die stalle geword. Nadat Reniershof verskeie kere van eienaar verwissel het is dit vandag 'n Gastehuis genaamd "Vultures Lodge". Baie veranderinge is oor die jare aangebring, die stalle is vandag woonstelle—min van die oorspronklike is vandag nog te sien.



(1)

So het Renier se huisie oor die jare verander.
1) Die Oorspronklike.
2) Verander , maar lyk nog soos die Stallr.
3) Soos dit vandag lyk.

This is how Renier's house changed over the years.
1) The Original
2) Changed, but still looks like the Stables.
3) Today



2014 (3)



(2)

# 27. St. Syprians Anglican Church



Die Kerk in 2014.
The Church in 2014.



*Situated in Reichenberg street on the south bank of Keisergracht Spruit, this tiny Church must have been built just after the Anglo Boer War. An old Photo of the official opening of the Zastron Tennis Club shows the Church, as it still almost looks today, in the background.This photo was taken approximately 1906-7.*

*As the number of Anglican parishioners eventually dwindled to only a few and so did not warrant a minister, it was taken over, in 1926, by the Methodists, who today, still maintain and use it as a place of worship.*

*The first Minister to serve the congregation was the Reverend Illseley 1926-1934.*

---

*Geleë in Reichenberg straat op die suidelike oewer van Keisergracht spruit, moes hierdie klein Kerkie net na die Anglo Boere Oorlog gebou gewees het. 'n Ou Foto van die amptelike opening van die Zastron Tennis Klub, geneem in 1906-7, wys die Kerk in die agtergrond.*

*Aangesien die aantal Anglikaanse lidmate te min geword het om 'n Predikant te regverdig, is die Kerk, in 1926, deur die Metodiste oorgeneem. Dit word vandag nog deur hulle in stand gehou en gebruik. Ds. Illesley, 1926-1934, word die eerste Metodiste Leraar.*

Kranskop

St. Cyprian's

Old Tennis Photo
1906-07



# 28. Die Poskantoor/The Post Office



1890

1941



2014



*Die eerste posdiens, per poskoets vanaf Rouxville, is in 1880 ingestel, terwyl die eerste telegraaflyn in 1890 vanaf Rouxville aangelê is. Die eerste Pos en telegraaf kantoor moes dus in 1890 opgerig gewees het. Wanneer die poskantoor in sy huidige vorm gebou is, is onbekend, maar kon in die 19-twintigs of dertigs gewees het.*

*The first postal service by Coach from Rouxville was established in 1880, the first telegraph line was laid from Rouxville in 1890.The first Post and Telegraph Office must therefore have been erected in 1890.When the Post Office in its present form was built is unknown, but it could have been in the 19-twenties or thirties.*

## 29. Standard Bank Gebou/Building






Standard Bank opened in Zastron about 1917. When the new Building was erected in 1976 the old building was sold to Mr G.Annandale as a private residence,The building still exists, but is used as Model Butchery/. Situated South-east corner of Reichenberg & Gustavus streets.

## 30. Volkskas Bank (ABSA)







2014




Volkskas 1946

Frasers

Zastron Slaguuis

Maluti Hotel



Koerant uit-knipsels oor die Brand,



brand baweloos

— Eie Berig

30/12/80



26 Dec 1980 Erika Kafee afgebrand

## 31. Unie Drankwinkel/Union Bottle Store

*Die eerste drankwinkel is op die perseel van Hoofdstraat Nr.16. onderkant die stadsaal, tussen 1906 en 1909 opgerig. In 1929 word dit verskuif na Reichenbergstraat. Die boukontrakteur was 'n sekere Mnr.Allan Haydorn wat die gebou in 1929 opgerig het.*
*The first Bottlestore was situated at Hoofdstreet No.16 just below the townhall and was built between 1906 and 1909. In 1929 it was moved to the present building in Reicenberg street.This building was built by Mr.Allan Haydorn in 1929.*
*Owners/Eienaars–*
*Messrs.Ingram,Abel Jordaan, Dawid Jordaan and Jaques Franszen.*




## 32. Jim Louw se Motorhawe/Garage




*Drankwinkel/Bottlestore*

*Jim Louw se Garage was die eerste groot motorhawe in Zastron. Mnr. Jim Louw was eers houtwerk onderwyser, toe skrynwerkeren later, Garage eienaar. Hy was ook 'n baie ywerige fotograaf.Die gebou is later deur die eienaars van die drankwinkel gekoop. Die onderste gedeelte is as 'n stoor , terwyl die boonste deel as woonhuis gebruik is.*

*Jim Louw's garage was the first reall large Garage in Zastron. Mr. Jim Louw who first was a woodwork teacher, then woodworker and later Garage owner, was also an enthusiastic photographer.The building was later aquired by the owners of the bottlestore.While the bottom part was used as a store room the top part became a private dwelling.*

*Die huis is voorsien van 'n houttrap wat na die boonste verdieping lei*

# 33. Zastron se 2de Laerskool/Zastron's 2nd Primary School

2014 'n Woonhuis-a private Residence




Gebou in 1912, was hierdie een van die eerste laerskole in Zastron. Eers het dit 'n kidertuin geword en daarna is dit deur die Kommando gebruik.Nou het dit 'n privaat woonhiis,wat deur Mnr.Gawie Schoeman in 1994 gekoop is, geword.

This was the second primary school in Zastron. Later it became a kindergarten, then the Commando used it. In 1994 it was bought by Mr Gawie Schoeman of Zastron.



Klas kamers en ingange deure 1994.
Classrooms and entrance doors 1994



# 34. Willie Viljoen Koshuis/Hostel



1944




1946

Hierdie Koshuis gebou, eers genaamd "Morelig" is in 1942 gebou en in 1943 as meisieskoshuis in gebruik geneem.Dit het later in onbruik geraak en is deur die skool aan die Kommando verhuur.

Na die komando dit vir etlike jare gebruik het, het die skool dit weer, as gevolg van stygende leerling getalee, as meisieskoshuis in gebruik geneem. Die naam is verander na "Willie Viljoen" koshuis ter ere van Mnr.W.J.Viljoen, skoolhoof van 1922-1936.



2014



This Girls Hostel, named "Morelig" built in 1942, was occupied in 1943. Because of diminishing numbers the Hostel was closed and leased to the Commando.

After a few years the High School Zastron took it back and reopened it under the new name of "Willie Viljoen" Girls Hostel, in honour of Mr. W.J. Viljoen, Headmaster 1922-1936.

# 35. Eerste gekombineerde Blikskool in Zastron/First Combined School in Zastron



Die foto is in 1905 geneem nadat die skole verenig is. Heel links onder, metdie dogtertjit op sy skoot, is die hoof, Mnr.John Z.Rowan en heel regs, die onderhoof, Mnr.Reitz-Steyn. In die agtergrond is Zastron se Blikskool.

The phot was taken in 1905 after the sckools had been united.On the left, front, with the girl on his lap is Mr. John Z. Rowan, Head and far right Mr. Reitz Steyn vice principal..

John Z Rowan, Skoolhoof.
Headmaster.

Reitz-Steyn, Onderf.
Vice-principal.



Polisie Stasie



Hoofd Str.



Die woonhuis in Hoofdstraat ,reg teenoor die polisie stasie wat op die plek staan waar die Blikskool geleë was.

The peivate Residence in Hoofd Str., Opposite the Police Station, built on the exact spot where the Zinc School was situated/

## ***Goewerment en CNO Skole kombineer***

### ***Zastron se Blikskool***

*In die tydperk gedurende die Anglo Boere Oorlog en net daarna was daar geen skool op Zastron nie. 'n Sekere Mnr Dykman, wat ook skoolhoof voor die oorlog was en sy vrou, het prober om klas aan te bied, maar dit was gedurende die oorlog onmoontlik.*

*Vermoeide, moedelose mense het na die vernielde plase, afgebrande huise, karkasse van duisende beeste en skaap, teruggekeer. Ook op die dorp is huise afgebrand – die skool is totaal vernietig.*

*In 1904 word 'n regerings skool onder die rekonstruksie beleid van Lord Miller, met Mnr John Z Rowan as skoolhoof gestig. Hierdie skool was van sink gebou en reg teenoor die huidige polisie stasie geleë. Daar was vyf ander leerkragte met 'n leerlingtal van 196.*

*Aangesien die voertaal Engels was, was die Boere bevolking bevrees dat die beleid van die owerhede sou wees om hulle kinders te verengels. Oral het CNO (Afrikaans Medium, Christelike Nasionale Opvoeding) Skole ontstaan – ook op Zastron. Die hoof was Mnr Reitz Steyn en die skool het gestaan waar die huidinge NG Kerksaal is. Die gevolg was dat die leerlingtal van die Regeringskool met meer as die helfte gedaal het. 'n Gespanne houding het onder die leerlinge van die twee skole geheers.*

*In 1905 is die twee skole egter verenig met Mnr Rowan as hoof en Reitz Steyn as onderhoof. Hierna het die skool van krag tot krag gegaan en is vandag bekens as Hoërskool, Zastron.*

*******************

## ***Government and CNO Schools Combine***

*During the Anglo Boer War and shortly thereafter there were no schools in Zastron. A certain Mr Dykman, who was head before the war and his wife tried to teach during this period, but it was impossible during the war. Exhausted men and women without hope for the future, returned to the destroyed farms, burnt down farm houses and the carcasses of thousands of cattle and sheep. In the town houses were also burnt down – the school was completely destroyed.*

*In 1904 a Government School with Mr John Z Rowan as Head was established according to Lord Milners reconstruction program, this building was built of zinc and situated opposite the present police station. There were 5 other teachers and 196 pupils.*

*The language used was English and this made the Boers fear that their children would have to be anglicized. Throughout the country CNO (Afrikaans medium) schools were established, also in Zastron, with Mr Reitz Steyn as Head. Situated where the present N G Church Hall is, this school flourished while scholars in the Government School diminished by more than half. A tense attitude existed between the scholars of the two schools.*

*In 1905 the two schools were amalgamated with Mr Rowan as Head and Mr Reitz Steyn as vice-principal. Thereafter the school went from strength to strength and is today known as High School, Zastron.*

# 36. Zastron se Graan Silos/The Grain Silos in Zastron



The Grain Silos as they still appear today.Die Graan Silos soos hulle vandag nog daar uitsien.

The railway line connecting the silos to the grain store.



The "Oog"

Die Spoorweg Stasie wat nou verdwyn het.



View from the to
of the tower

The Mill (Now a Panel Beaters)

Die Spoorweg stasie (Nou verdwyn)

Kragstasie/ Powerstation

Aasvoelberg



Cecile Gates, 'n beroepsangeres, admireer hier die uitsig van bo-op die Silos. Haar besoek aan Zastron het die maak van 'n film, deur Alex Film Productions, behels.

================

Cecile Gates, a professional singing star admires the view from the top of the Silos. Her visit entailed the making of a film by Alex Film Productions, Zastron.

# ***Nog 'n Tragedie – Zastron se Graan Silos***

***Soos wagte staan hulle en uitkyk oor groen grasvelde – welbekende berge – oor die dorp self. Beskermend kyk die oog van die Aasvoëlberg oor hulle.***

***Die Silos is in die vroeë sewentiger jare gebou. Dit is die jongste en mees modern van al die Oos Vrystaat Kaap (OVK) Landbou Kooperasie se graan silos. Voordat hulle gebou is, is daar vasgestel dat genoeg graan geproduseer kon word om die bou daarvan te regverdig. Graan produksie het egter sò afgeneem dat personeel en produksie koste nie meer betaal kan word nie. Die kompleks moes dus gesluit word.***

***Afgesien van enekele gebreekte ruite is die geboue nog in 'n baie goeie toestand. Slegs die weegbrug word nog deur lede van die kooperasie gebruik.***

***Die uitsig vanaf die dak van die toring is asemrowend – sekerlik die moeite werd om sowat 400 trappe na die bopunt aan te durf.***

***Moontlik sal iemand met 'n gedagte vorendag kom om weer hierdie geboue nuttig te gebruik en dat hulle nie net soos ander historiese geboue in die niet sal verdwyn nie.***

********************

# ***Another Tragedy – Zastron Grain Silos***

***Like guards they look out over green valleys and well known mountains, over the town itself. Protectingly the Eye of Aasvoëlberg gazes at them.***

***The Silos were built in the early nineteen seventies. They are the youngest and most modern of all Eastern Free State Cape (OVK) Agricultural Society's silos. Before they were built, it was ascertained that the district could produce enough grain to justify their existence. Production in the area, however, diminished to such an extent that personnel and production costs could no longer be paid. The complex therefore had to be closed.***

***With the exception of a few broken window panes, the buildings are still in a very goo condition. Only the weighing bridge is still used by members of the co=op.***

***The view from the roof of the tower is breathtaking – certainly a worthwhile undertaking for anyone who would dare to climb the 400 steps to the roof.***

***It is certainly hoped that someone will eventually come forward with an idea on finding a new way in which the buildings can be used and that they will not fall into natural decay.***

## 37. Zastron Hospitaal/Hospital



Zastron Hospital after completion 1951



Eerwaarde Pansegrouw



DIE VOLKSBLAD

HOSPITAALWERK OP ZASTRON

ZASTRON. — Die nuwe hospitaal sal die eerste week in September in gebruik geneem word volgens 'n mededeling van die voorsitter van die hospitaalkomitee, eerw. J. J. Pansegrouw.

Eerw. Pansegrouw sal ook met ingang van 10 Junie die laaste ronde in die distrik doen om fondse in te samel volgens 'n besluit van die komitee.

Daar is verder besluit om werk te maak om die nodige personeel te verkry. Die kliniek in die lokasie is as hospitaal vir naturelle ingerig en hulle word reeds daar verpleeg. — (Eie Berig).

11 JUNIE 1951

Koerantuitknipsel wat aandui dat die Hospitaal die eerste week in Sept .1951 in

Die Zastron Hospitaal is in 1951 in gebruik geneem. Erwaarde J.J.Pansegrouw, as voorsitter van die Hospitaal Kom.,het uit sy pad gegaan om die Hospiraal daar te stel.Dit moes eintlik sy naam gedra het. In 1994 is dit herdoop na die Embekweni Hospitaal.

The Zastron Hospital was inaugurated in 1951. The Rev. J.J.Pansegrouw,as chairman of the Hospital Com.,had gone out of his way to establish the Hospital. It should actually have borne his name. In 1994 it was renamed the Embekwene Hospital.





Eerste sooi word deur Eerw.Pansegrouw gespit.

H.vd Merwe (Burghemeester]

B.A.A.Spies (stadsklerk)




The bronze plate which was donated by the Free Masons to honour their comrsdes who fell in the 2nd world war. They also donated the equipment for a whole ward.



Die Kom.ondersoek die perseel. VLNR; H.vd Merwe,Dr.Foord, ?, Eerw.J.J.Pansegrouw, B.A.A. Spies en J.Colyn.



Die Opening 19

## 38. Matlakeng Hospitaal/Hospital



Matlakeng Hospital with patiemts amd staff

Die Hospitaal soos dit vandag nog lyk.



Die Hospitaal

Kestell Saayman



Matlakeng Hospital was occupied shortly after Embekwene and contained much more modern equipment. Kestell Saayman played a crucial part in its establishment. It is today a clinic.

Matlakeng Hospitaal is kort na Embekwene in gebruik geneem en is van baie meer moderne uitrusting voorsien.Kestell Saayman het 'n sleutelrol in die daarstelling daarvan gespeel.Vandag is dit 'n kliniek.

Personeel onder Suster Basch in die moderne teater.



## 39. Môrelig Koshuis/Hostel



Hierdie Koshuis is in 1951 gebou en is gedoop "Môrelig". Die naam van die ou Môrelig is toe verander na Willie Violjoen. Built in 1951, this hostel was named "Môrelig" and the old Môrelig named Willie Viljoen. No/Nr 5 Bergstraat/Street.

## 40. Die Gereformeerde Kerk/The Reformed Church

Daar was alreeds sedert 1916 'n gemeente van hierdie Kerk in Zastron. Hulle het egter onder Bethulie, Wepener en Aliwal Noord, geval. Die Kerk is aan die begin van 1926 gebou nadat die Gereformeerdes hulle eie gemeente gekry het. Die Kerkgebou is die tweede week van Julie 1926, in gebruik, geneemm. Nadat gemeentelede se getalle drasties afgeneem het is die gebou verkoop. Die nuwe eienaars beoog om dit as 'n winkel te bedryf.



The Church Building, built in 1926 still looks the same in 2014



FEES-PROGRAM

*Die Gereformeerde Kerk en feesvierings program, tydens die 50 jarige bestaan van die gemeente, in Zastron, in 1956.*
*The Reformed Church and Festival program during the 50th anniversary of the existence of the congregation, in Zastron, in 1956.*



# 41. Zastron se enigste Sinkhuis/Zastron's only Zinc House



*Die enigste sinkhuis wat in Zastron nog staan.*
*The only surviving zinc house in Zastron.*

Sien ook Nr.35.
See also No. 35.

*Hier kan dit duidelik gesien word dat albei geboue van sink gemaak is.*
*Here it can clearly be seen that both buildings are constructed from zinc.*

*Die Goewerment skool en eerste skool wat met die CNO skool saamgesmelt het. / The first Government school which amalgamated with the CNO school*



*Volgens betroubare bronne was daar, gedurende die Anglo Boere oorlog,'n Engelse kamp by Zastron. Hierdie kamp het 'n hele paar sink geboue bevat wat na die oorlog afgebreek en aan Zastronners verkoop is.Die eerste Goewerment-skool was van sink gebou en is net na die oorlog opgerig. Die enigste sinkhuis wat vandag nog staan is die een te Reichenberg Straat 54.Dit kan dus aanvaar word dat die sink uit die Engelse kamp gekom het en dat albei geboue tussen 1902 en 1904 gebou is.Daar is later baksteen mure binne die sink aangebring, maar wanneer dit gedoen is, is onbekend. Daar is geen rekord van enige ander geboue wat van sink gebou was.*

==========

*According to reliable sources there was, during the Anglo Boer war, an English camp at Zastron. This camp contained a number of Zinc Houses, which, after the war, were broken down and sold to Zastron people.The first Government school completed just after the war was made of zinc. The only Zinchouse still standing in Zastron is the one at Reichenberg Street, No.54. It can thus be accepted that the Zinc came from the English Camp and that both buildings were built between 1902 and 1904. Brick walls were later built inside the zinc, but when this was done is unknown. There is no record of any other buildings built of Zinc.*



Die enigste sinkhuis wat in Zastron nog staan.

Die ou Transportakte wat aandui dat die erf alreeds in 1875 uitgemeet is. Zastron het eers in 1882 dorpstatus verkry.
This old transfer shows that the erf was already proclaimed in 1875. Zastron only attained town status in 1882.






N: 63

N: 62 N: 66

George Straat

Bovenstaande figuur A B C D stelt voor Erf No. 641
180 x 120, gelegen in het

DORP "ZASTRON,"

(uitgelegd op de plaats "Verkeerfontein," No. 638, in het district Rouxville, wijk "Vechtkop.")
De groote van dit Erf is 150 quadraat roeden.

FOR DETAILS
SEE
BACK OF DIAGRAM.

Augustus 1875.

Gemeten door mij.

Gouvernements Landmeter.

## 'n Paar ander ou geboue./ A few other old buildings/

Donaldsons Garage in die 1940'tigs toe dit aan Mnr Piet en Mevr Koenas Swanepoel behoort het.




PUTSTOP— Vandag 'n moderne restaurant en kroeg.



Hier is Mnr.Piet Swaneporl besig om beandstof in 'n klient se motor te gooi.

Hoofd Street Zastron various buildings

Olympia Bioscope

Haar Salon

S. Vojatjes se kafee



Jordaan Bros, se aflewerings wa.

Hierdie debou is eers deur Jan Huisman en later deur Koos De Wet as winkel gebruik



Hoofd Straat/Street, Zastron.

# 42. Huis Vergesig/House for the Aged



Die Perseel waarop Huis Vergesig gebou is\ This was where HV was built.



Die eerste sooie word gespit.Mevre., A.vd Walt,M.Klopper en Vossie Coetzee.





Die eerste boom wat by Huis Vergesig geplant is het na 30 jaar na swaar reems omgeval. Hier stann Mevre Bettie Olivier en Lena Swanepoel by die boom. After 30 years the first tree planted at Huis Vergesig fell over as a result of heavy rains. Here Mrs. Bettie Olivier and lena Swanepoel stand next to the fallen tree..




Mevr. Marietjie Klopper staan hier voor die nuwe Huis Vergesig by die eerste boom wat geplant is.
Mrs.Marietjie Klopper in front of the new Huis Vergesig, next to the first tree planted.



Huis Vergesig Vandag/ Today





Mathey Straat/ Street, Zastron.

## *Die Onstaan van Huis Vergesig – die Eerste 30 Jaar*

### *'n Droom Verwesentlik…*

*Sover terug as 1958 het die destydse Oranje Vrou Vereniging (OVV), tans Vrystaat Versorging in Aksie, asook die NG Kerk op Zastron alreeds die behoefte van 'n Tehuis vir Bejaardes op die dorp gevoel.*

*Tydens 'n konferensie op 1 April 1969 te Smithfield het die Departement van Volkswelsyn die daarstelling van wooneenhede vir bejaardes, beklemtoon. Zastron tak sowel as die NG Kerk en Munisiplaiteit was egter ten gunste van 'n gebou. Nadat voet by stuk gehou is het die Departement in Julie 1972 bevestig dat Zastron vir so gebou kwalifiseer. Na maande se gewag en vertoeë, selfs deur wyle Mnr Kosie Pansegrouw, vorige LV en Kommisaris Generaal van Qua-Qua is die aansoek goedgekeur. Op 10 April 1974 besoek die argitek, ene Mnr Van Jaarsveld die dorp en gee sy goedkeuring aan die huidige perseel.*

*Na aanleiding van 'n versoek van die eienaar, wyle Mnr Jan Huisman, dat hy later 'n plek in die Tehuis gewaarborg sal word, verkoop hy die eiendom teen so lae prys dat dit feitlik op 'n skenking neerkom. Op 21 Oktober 1974 onderneem die plaaslike Munisipaliteit om as borg vir die OVV by Gemeenskapsbou op te tree.*

*Nadat die eerste twee planne as "te luuks" afgekeur word, word die derde plan teen 'n beraamde koste van R262570.00, aanvaar – die lening was goedgekeur, maar nog nie aanvaar nie. Intussen reageer die publiek van Zastron en die donasies stroom in. Die NG Kerk bied aan om die rente en delging op die lening, jaarliks terug te betaal.*

*Na vele versoeke en 'n gewag van amper twee jaar, is die lening in April toegestaan en in Julie 1978 is tenders aangevra.*

*Soos 'n donderslag het die fiasko van die sluiting van die hospital die dorp getref. Daar is versoek dat die Tehuis by die Hospitaal opgerig moes word sodat daar meer bedbesetting deur verswaktes kon wees. Na talle vergaderings is daar egter in Desember 1978 besluit om met die oorspronklike planne voort te gaan.*

*Intussen ontvang Mnr Piet Vorster (Stadsklerk) 'n telegram met die goeie nuus dat die lenings bedrag, as gevolg van stygende boukostes verhoog is na R363 267.00.*

*Op 5 Augustus 1979 word die eerste sooi gespit – bouery neem aanvang op 8 Augustus. Na 'n kompetise is daar besluit op die naam Huis Vergesig, nie net om te vertel van 'n panoramiese uitsig oor die dorp en omliggende berge nie, maar ook oor 'n gemeenskapsprojek wat in geloof aanvaar is.*

*Die eerste personeel lede word begin Oktober 1981 aangestel. H Maree (matrone), Babie Tait (ondermatrone), R Saayman (linne matrone), Suster Trienie Fouche, verpleegsters Wanda Botha, Gerda Nortier en Hanlie Muller neem die leisels in hulle hande.*

*Saam met die nuwe personeel betrek 29 bejaardes Huis Vergesig. Onder die enkel dames, Mevre Hannetjie Lubb, Jane van den Berg (Rouxville), Christien Calitz (Huis vd Horst, Aliwal Noord), Jo Engelbrecht, Sarie Miennie, Hester Schoeman, Maria Visagie, Maggie van Ronge, Helena Botha (Dewetsdorp), Ida Smal, E van Wyk (Rouxville), H C Du Plooy, Bessie Mienie, Johanna Human, B Fouche, Mienie Barnard, Jordaan (Bloemfontein), Liesching en S Steyn (Wepener). Daar was vier pare naamlik, Mnr en Mev Theunis Helmuth (Bultfontein), Mn en Mev M S Nel, Mnr en Mev Van Ronge van Wepener en Mnr en Mev Cas Steyn. Slegs twee enkel mans voltooi die getal naamlik Oom Walther Swanepoel en Mnr Fanie Bekker. Twee maande later trek nog 7 naamlik Mnr en Mev Sarel Dry, Mevre Mart Botha, Melett, Lombard en Ferreira sowel as Mnr en Mev Smith by die woonstelle, in. Van al hierdie inwoners en personeel is vandag nog net Mevr Babie Tait in die Tehuis oor.*

*Dit is 'n lieflike lente oggend – 'n lente oggend soos slegs in Zastron ervaar kan word – 6 November 1981. Die inwoners van Huis Vergesig het so pas ontbyt genuttig. By die deur begin dit instroom – blomme in oorvloed, bakke met smaaklikste eetgoed. Die Tehuis lyk soos 'n blomtuin van binne – ooral die geur van lentebloeisels.*

*Dit is vandag die amptelike opening van Huis Vergesig en weer het die Zastronners in oorvloed bygedra, met blomme en eetgoed.*

*Net na 2nm begin die opening, bygewoon deur hoogwaardige besoekers van oral. Mev Fleming, Presidente van die OVV hoofbestuur asook ander lede daarvan, Mnre Van Der Mescht van Volkswelsyn, Van Ellinckhuizen en Joubert van Gemeenskapsbou, Van Jaarsveld die argitek, Mnr en Mev Levine van Jagersfontein Bouaanneemers, Mnr C W Simkin LV, L Badenhorst LPR en OVV lede van buurdorpe is onder die teenwoordiges.*

*Nadat Ds Burger die verrigtinge met skriflesing en gebed geopen het tree hy ook as seremoniemeester op.*

*Geskenke word deur Mev Burger, onder voorsitter van die OVV, aan Mev Annatjie van der Walt en Marietjie Klopper oorhandig, die twee vroue wie seker die meeste gedoen het om die droom van Huis Vergesig te verwesentlik. Mev Klopper onthul die naamplaat waarna Mev Van der Walt die voordeur oopsluit met die sleutel wat die argitek aan haar oorhandig. Die onthulling van 'n plaat, in die voorportaal, waarop dank en hulde gebring word aan hierdie twee dames is deur die oudste vroulike inwoner, Mev Hellmuth, waargeneem.*

*Die droom van die woning waar eensame ou mense as 'n huisgesin kon saam woon, is verwesentlik.*

# ***Inhoud – Index***


1. ***Die Stadsaal – The Townhall***
2. ***Die Spoorwegstasie – The Railway Station***
3. ***Boerewinkel***
4. ***Ou Vrystaat Boustyl – Old Freestate Architecture***
5. ***Ouma Hessie se "Hall" – Ouma Hessie's "Hall"***
6. ***De Winnaar Huis – De Winnaar House***
7. ***Johanna Biblioteek/Library***
8. ***Mimosa Losie/Lodge***
9. ***Die Ou Tronk – The Old Jail***
10. ***Die Kragstasie – The Power Station***
11. ***Frasers se Winkel – Frasers Shop***
12. ***Eerste Hofsaal – First Court Buildings***
13. ***N G Kerk – N G Church***
14. ***N G Pastorie – N G Minister's house***
15. ***Barclays Bank***
16. ***Grollman se Winkel – Grollman's Shop***
17. ***De Oude Werf***
18. ***Het Molen Erf***
19. ***Rowan Koshuis/Hostel***
20. ***Central Hotel***
21. ***Commercial Hotel***
22. ***Apostel Geboue – Apostle's Buildings***
23. ***Zastron se Ou Meulens – Zastron's Old Mills***
24. ***Hoërskool Zastron =- High School Zastron***
25. ***Huishoud Skool – Housecraft School***
26. ***Reniershof***
27. ***St. Cyprians Anglican Church***
28. ***Die Poskantoor – The Post Office***
29. ***Standard Bank***
30. ***Volkskas ABSA***
31. ***Unie Drankwinkel – Union Bottle Store***
32. ***Jim Louws Garage***
33. ***Zastron se tweede Laerskool***
34. ***Willie Viljoen Koshius/Hostel***
35. ***Eerste Goewerment Skool – First Government School***
36. ***Silos***
37. ***Zastron Hospitaal/Hospital***
38. ***Matlakeng Hospital/Hospital***
39. ***Môrelig Koshuis/Hostel***
40. ***Hervormde Kerk – Reformed Church***
41. ***Die Sinkhuis – The Zinc House/Contd. En ander geboue***
42. ***Huis Vergesig***





***Kom Ons prober om hulle Sò te laat lyk.***
***Let us try to make them look like this.***

***Probeer verhoed dat hulle sò lyk.***
***Try to prevent them looking like this.***
***!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!***







***Zastron se oudste huis gebou deur Jan De Winnaar.***
***Nou gesloop.***

***Zastron's oldest House, built by Jan De Winnaar.***
***Now demolished.***

***See/ Sien (6)***